# Luiperds hou AJV by Ruby River Lodge

Luiperds het vir die eerste keer gaan inloer by Ruby River Lodge en sommer AJV gehou. Ons was bevoorreg om baie lekker weer te geniet terwyl dit in Secunda maar koud was. Vrydagaand is ons getrakteer met Susan se vetkoek saam met Ans, Elsie & Vinkie se sop.



**Vetkoek bly maar altyd 'n wenner**

Saterdagoggend het ons AJV gehou en Phillip het gedurende sy verslag ons weereens laat besef hoe geseënd ons is. Finansieel gaan dit baie goed met ons en ons kamp bywoning is 'n gemiddelde 40%. Ons was ook bevoorreg om erkenning te gee aan Luiperds vir hul harde werk as ook vir bydraes gelewer aan die gemeenskap.



**Phillip besig om die AJV op die Luiperd manier te open**

Die verbasing by almal was nogal groot toe Marietjie die eiers wat sy Vrydagaand by almal afgebedel het te koop aanbied vir die bargain prys van R10 per eier. Die verbasing het egter gegroei toe sy, nadat daar betaal is, omgedraai het en dieselfde eier weer aan die volgende slagoffer aangebied het. Marietjie dankie vir die R130 vir die streekskas.

Saterdagaand se braai en die gekuier daarna om die kampvuur is deur almal geniet. Dit wil



**Marietjie se bargain eiers kompleet met Willem se halwe een**

voorkom of ons 'n paar Tollas in ontwikkeling het as al die grappies 'n aanduiding kan wees.

Gedurende die afsluiting het Cecile seker gemaak dat die streekskas 'n verdere hupstoot kry.

André Swanepoel



**Johan & Cecile Bosch het hulle 20 Streeksaamtrek en Susarie Pienaar & seuns hulle 25 Algemene saamtrek plaatjies ontvang**



**2010-2011 Bestuur**

Voorsitter: André Swanepoel
Ondervoorsitter: Jan Lombard
Sekretaris: Antoinette Lombard
Pennigmeester: Vinkie Swanepoel
Adisionele Lede: Johan & Cecile Bosch

# Luiperds gee Erkenning



Phillip Opperman is aangewys as Luiperd van die Jaar



Jan Lombard het die
Leeu troefee ontvang vir Bydrae tot Spore



Johan Bosch en die Musiekfabiek
Cecile Bosch, Marietjie Stuart en Johan Pelser is vereer met die
Klein Luiperd spesiale toekenning



Hennie Broxham het die
Renoster trofee ontvang vir sy gemeen-skapsdiens buite SAWA.
Willem het die trofee namens hom ontvang



Johan Bosch, Marietjie Stuart,
Phillip Opperman & Johan de Kock het die
Buffel trofee ontvang vir hulle aandeel aan ledewerwing vir Luiperds



André & Vinkie Swanepoel het die
Oliefant trofee ontvang vir die
Bywoning van die meeste streeksaamtrekke